

## **There4-Bedieninge 2021**

Ons is tans besig met Zoom dissipelskapsessies vanuit Suid-Afrika. Die doel is nie om kopkennis oor te dra nie, maar om te groei in jou persoonlike verhouding met die Here en dan ook aangespoor te word om prakties in jou alledaagse lewe mense te dien in jou area van invloed. Ons spanne in die lande waar ons bedien is ook besig met soortgelyke sessies en, waar moontlik en die Covid-regulasies dit toelaat, is van hulle al besig met in-persoon kontaksessies. Verder bied ons vanuit Suid-Afrika twee sessies oor hoe om sterk te kan staan in die storm waarbinne individue hulle mag bevind...mense worstel emosioneel, geestelik en baie ook fisies....in hierdie sessies leer ons uit die Woord hoe om hierdie storms prakties te oorleef en die lesse wat ons daaruit kan leer. Egiptenare doen saam met Suid-Afrikaners hierdie reeks.

Ons is baie opgewonde oor wat in een van die lande waar ons dien in Noord-Afrika besig is om te gebeur. Sover is 300 gemeentes van verskeie denominasies by die visie betrokke om duisende mense die Goeie Nuus te bring in 2021. Mense ontvang opleiding hoe om te evangeliseer, te dissipel en 'n pad met gebroekenes te kan stap. Sodra ons meer bekostigbaar en veilig kan reis, sal There4-bedieninge se Suid-Afrikaanse span ook direk daarby betrokke wees. Intussen voorsien ons finansies vir Bybels vir nuwe bekeerlinge en vir die opleiding.

Sodra ons jongste seuns weer op kantoor in die Kaap kan werk, sal ons begin met die 12 leke pastore se opleiding hier by ons kantoor in PE. 6 Xhosa-sprekende pastore sal in die een groep weekliks Bybelopleiding ontvang en 6 Afrikaanssprekende pastore sal in die tweede groep opleiding ontvang.

'n Datum wat julle asb moet oophou en help bemark is Sondag 21 Februarie om 18:30. Ons hou 'n Zoom Ontmoeting van Bemoedig met Pastor Homero ons vennoot in Jordanië wat onder Irakese en Siriese vlugteling dien en ook in Irak self. Hy gaan vir ons op 'n virtuele reis van die bediening waarby ons betrokke is neem; ons uit die Skrif bemoedig en ons gaan vir hom kan bemoedig met gebede en teksverse.

Ons is regtig opgewonde oor wat die Here deur en in ons almal in 2021 gaan doen. Van There4-bedieninge se kant af wil ons ook op hierdie platform dankie sê vir die maandelikse bydraes wat ons ontvang wat ons net so veld toe stuur en ook vir die deurdankoffers. Maar meer nog dankie vir die gebede en vir die individue wat bel en hoor of ons okay is, veral in die Covid tyd, en of hulle nie vir ons iets kan doen nie. Ons dank die Here vir sulke gemeentelede wat regtig moeite maak met ons en ons uitdagings in ons alledaagse bestaan hier in PE.